Publication: VOLKSBLAD
Date: 2015-09-17
Page: 6

St. Helena haal mylpaal met vliegtuig

Feestelike atmosfeer met landing

Erika Gibson

PRETORIA. – 'n Klein stukkie geskiedenis wat 'n reuse-verskil aan die St. Helena-eiland se inwoners gaan maak, het hom Dinsdag omstreeks 15:52 Suid-Afrikaanse tyd afgespeel.

Die eerste vliegtuig tot nog toe het te midde van 'n feestelike atmosfeer en trane van ongeloof op die eiland geland.

Vir baie van die inwoners was dit ook die eerste keer in hul lewe dat hulle 'n vliegtuig gesien het.

"Dit voel absoluut fantasties en ons is bevoorreg om met ons eerste vlug deel te word van die groter lughaweprojek op St. Helena," het Grant Brighton, bevelhebber van die KingAir-vliegtuig, gesê.

Dié Suid-Afrikaanse vliegtuig het Maandag van die Lanseria-lughawe af opgestyg op 'n vlug van meer as sewe uur oor Namibië, Angola en toe oor die see tot by die eiland.

Die reuse-projek om tussen die vulkaanvalleie op die eiland 'n aanloopbaan en internasionale lughawe te bou, het die kontrakteurs Basil Read vier jaar geneem.

Die eerste vliegtuig op die St. Helena-eiland. Die vliegtuig en sy bemanning sal nou help met die toets van die lughawe se stelsels voordat dié internasionale lughawe in Februarie oopgestel word.

"Ek kan eerlikwaar nie vandag my gevoelens beskryf nie. Jare se beplanning en duisende man-ure het hierdie gebeurtenis voorafgegaan. My gemoed is vol," het Janet Lawrence, die lughaweprojekdirekteur, gesê.

Die Britse goewerneur van dié stukkie Britse grondgebied, Mark Capes, het gesê die eerste landing is nog 'n stukkie in 'n groter legkaart om dié eiland van 'n beter ekonomiese lewensaar te voorsien.

In die verlede het skepe net af en toe by die eiland vasgemeer en enige vervaardigingsbedryf het dus geen vooruitsigte op uitvoer gehad nie.

Volgens Brighton, wat nou met vlugte die lughawestelsels sal toets, was die vlug na die eiland sonder enige voorvalle.

"Die landing op dié spesiale aanloopbaan was asemrowend."

Kommersiële vlugte begin na verwagting einde Februarie volgende jaar.

Die eiland sal dan vermoedelik 'n toeristeparadys word.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission